G.P.-S.11685—1951-2—5,000.
(Rekw. 35/52—14/2/52.)

D.L. 60.

Certificate of Mineral Rights No.
Sertifikaat van Minerale Regte No. 65/1953

Issued in terms of Section 22 of Act 47 of 1937, in respect of the
uitgereik kragtens Artikel 22 van Wet 47 van 1937, ten opsigte van

Asst. Registrar/Asst.-Registrateur.

Deeds Office,
Aktekantoor,
Cape Town.
Kaapstad.
15 APR 1953

and must in future be described as

Aanwysings D. 10065.

# KROONGRONDBRIEF No. 74 1953

**In die naam en ten behoewe van Haar Majesteit Koningin ELIZABETH DIE TWEEDE, deur Gods Genade, van Groot-Brittanje, Ierland en die Britse Oorsese Geweste, Koningin, Verdediger van die Geloof.**

NADEMAAL die hierondergenoemde grond deur die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika verkoop is ooreenkomstig die bepalinge van artikel 6 van Wet nr. 26 van 1891 (Kaap), soos gewysig, aan

DIE WETLIKE HOSPITAALKURATORE benoem by artikel 51 van Ordonnansie nr. 18 van 1946 (Kaap),

vir die som van twintigduisend pond (£20,000):

EN NADEMAAL kragtens Minuut van Uitvoerende Raad nr. 208 gedateer 30 Januarie 1953, magtiging verleen is vir die uitreiking van 'n Kroongrondbrief ten aansien van die grond ten gunste van die gemelde Wetlike Hospitaalkuratore:

20/...

**SO GETUIG HIERDIE AKTE** dat die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika hiermee toeken, afstaan en transporteer aan

DIE PROVINSIALE SEKRETARIS,

DIE DIREKTEUR VAN HOSPITAALDIENSTE, en

DIE VOORSITTER VAN DIE KNYSNASE HOSPITAAL-RAAD,

in hul hoedanigheid as die Wetlike Hospitaal-kuratore benoem by artikel 51 van Ordonnansie nr. 18 van 1946 (Kaap),

hul opvolgers-in-titel of regverkrygendes,

(1) SUBURBAN ALLOTMENT Nr. 3, 'n gedeelte van die plaas MELKHOUTKRAAL,

<u>geleë</u> in die Munisipaliteit Knysna,

afdeling Knysna,

<u>groot</u> sewe desimaal een nege agt nege (7.1989) morg;

<u>uitstrekkende</u> soos Akte van Transport nr. 283, gemaak ten gunste van Thomas Horn op 12 Februarie 1861 en daaropvolgende Aktes van Transport, die laaste waarvan nr. 2317/1932, gemaak ten gunste van die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika op 20 April 1932, met kaart daaraangeheg, volledig aantoon;

<u>onderworpe</u> aan die voorwaardes waarna verwys word in Akte van Transport nr. 645 gedateer 28 Desember 1877;

<u>en verder onderworpe aan</u> die volgende voorwaardes:

(a) Behoudens die bepalinge van die Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926, en die Wet op Edelgesteentes, 1927, soos gewysig, word alle regte op alle minerale, mineraalprodukte, mineraal-olies, steenkool, onedele of edele

metale/...

metale of edelgesteentes op of onder die grond aan die Goewerment voorbehou.

(b) Die grond of enige gedeelte daarvan of onverdeelde aandeel daarin mag nie sonder die toestemming van die Goewerneur-generaal vervreem, verpand of verhuur word aan, of om 'n deel bewerk word deur 'n nie-blanke of 'n maatskappy waarin 'n beherende belang deur of ten behoewe of tot voordeel van 'n nie-blanke besit word nie; en hierdie voorwaarde word in elke daaropvolgende oordrag van die grond of 'n gedeelte daarvan of onverdeelde aandeel daarin opgeneem. Dit word nie beskou dat die toestemming van die Goewerneur-generaal, ingevolge hierdie voorwaarde verleen, tot 'n bepaalde verhipotekering of verhuring van die grond of bewerking daarvan om 'n deel, soos voormeld, 'n latere of ander verhipotekering of verhuring of bewerking om aandele veroorloof nie.

(2) DIE RESTERENDE GEDEELTE VAN FIRGROVE, 'n gedeelte van die plaas Melkhoutkraal,

WHITE GROUP
BLANKE GROEP

geleë in die Munisipaliteit Knysna,

afdeling Knysna,

groot twaalf (12) morg drieduisend driehonderd twee-en-veertig desimaal ses vier (3342.64) vierkante voet,

uitstrekkende soos Sertifikaat van Gewysigde Titel nr. 10310, uitgereik ten gunste van Richard Charles Fryer Burton op 20 Oktober 1936, met kaart daaraangeheg, en daaropvolgende Akte van Transport nr. 10312/1936, gemaak ten gunste van die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika op 20 Oktober 1936, volledig aantoon;

onderworpe aan die voorwaardes waarna in voormelde Sertifikaat van Gewysigde Titel nr. 10310 gedateer 20 Oktober 1936 verwys word;

en/...

en verder onderworpe aan Voorwaardes (a) en (b) onder Paragraaf (1) hierbo gemeld.

(3) PERSEEL A, 'n gedeelte van Suburban Allotment nr. 2,

geleë in die Munisipaliteit Knysna,
afdeling Knysna,
groot drie (3) morg vyfhonderd nege-en-twintig (529) vierkante roedes vyf-en-tagtig (85) vierkante voet,
uitstrekkende soos Akte van Transport nr. 3260 gemaak ten gunste van wyle William Noble op 12 Mei 1931, met kaart daaraangeheg, en daaropvolgende Aktes van Transport die laaste waarvan nr. 38/1942, gemaak ten gunste van die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika op 9 Januarie 1942, volledig aantoon;
onderworpe aan die voorwaardes waarna verwys word in voormelde Akte van Transport nr. 3260 gedateer 12 Mei 1931;
en verder onderworpe aan die voorwaardes (a) en (b) onder Paragraaf (1) hierbo gemeld.

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te KAAPSTAD deur die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Kaap, op hierdie dag van 1956, behoorlik daartoe gemagtig deur die Goewerneur-generaal ooreenkomstig die Kroonland Vervreemding (Inrigting van Akten) Wet, 1911.

PROVINSIALE VERTEENWOORDIGER:
DEPARTEMENT VAN LANDE, KAAP.

NAGESIEN:

GEREGISTREER/...

GEREGISTREER in die Kaart

REGISTER van Knysna

I BOEK ________ FOLIO 1368 (6)

II BOEK ________ FOLIO 1364 (6)

III BOEK ________ FOLIO 1360 (6)

DATUM 15de April 1953

[signature]

ASSISTENT REGISTRATEUR VAN AKTES.